

# Donderdag 4 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 24  
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Psalm 24:3

## Wie kan God se heiligdom ingaan?

Kan dit wees? Die reg van toegang tot die HERE God in sy heiligdom word voorbehou? Dawid stel twee indringende vrae:

- Wie mag klim op die berg van die HERE? En
- Wie mag staan in sy heilige plek?

Hierdie vrae beklemtoon dat nie enige persoon welkom is om in die heiligdom in te gaan nie. Dié stelling mag u skok en ontnugter.

Die inhoud herinner ons aan 'n erediens wat begin met die verklaring: “Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan.” Hy is die Skepper wat die aarde versier met die prag van die natuur. Alles behoort aan Hom! Elkeen moet dit erken.

Wat is die plek van die mens? Jy staan in God se skepping. Jy is mens wat deur Hom ingetrek is tot dienswerk. Die vrae bring ons uit by 'n ontmoeting soos wanneer jy as 'n besoeker by 'n deur aanklop. Hierdie deur is die berg van die HERE, sy heilige plek, die Sionsberg. Daar is die HERE God.

Dawid se antwoord op die vrae is: “Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietighede en nie vals sweer nie” (24:4). Hierdie vier aksente maak dit duidelik dat elke mens hom eers in sy binneste moet ondersoek alvorens hy die HERE besoek. Dit moet 'n mens wees wat God eer en wat opreg is.

Vers 6: “Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat U aangesig soek ...” Besef, die HERE stel nie volmaaktheid as 'n vereiste nie, wel 'n opregte soeke na Hom. Selfs in dié opsig kan ons nie daarby uitkom nie. Maar hoor die woorde: daar kom 'n bevel. Die poorte moet oopgaan vir die Erekening. Hy is die Erekening wat die magte van die hel en dood oorwin het. Hierdie Erekening ag ons as volmaaktes. Aan sy hand swaai die ewige deure vir ons oop om in sy heerlikheid in te gaan.

*Sing: Psalm 34-1:8*

*Ds. MJ Smidt (Tinus) (Emeritus)*